

FINANSIEEL GESPROKE

SEPTEMBER 2015



INHOUD

'N INNOVERENDE HOOFSTUK VIR
OLD MUTUAL UNIT TRUSTS

MARKONBESTENDIGHEID IN PERSPEKTIEF

RENTEKOERSVERHOOGINGS REGOOR DIE
WÊRELD ONTSENU BELEGGERS

RIAN LE ROUX

SIENING VAN BATEKLASSE OOR DIE
ALGEMEEN ONVERANDERD

PETER BROOKE

BELÊ WAAR DIE FONDSBESTUURERS BELÊ

STRATEGIEFONDSE

DARIUS VAN DER WALT

HOEKOM DIT BELANGRIK IS OM U
BESONDERHEDE OP DATUM TE HOU

BELINDA DUFF



'N INNOVERENDE HOOFSTUK VIR OLD MUTUAL UNIT TRUSTS

KERRIN SMITH | ADJUNK UITVOERENDE HOOF, OLD MUTUAL WEALTH

Soos u miskien weet, het Pieter Hugo onlangs bedank. Hy sal gemis word vir sy strategiese denke, sake-insigte, wye reeks vaardighede, werksetiek, en sy passie vir ons besigheid. Ek sal in Pieter se plek waarneem terwyl ons ons opsies ten opsigte van 'n plaasvervanger oorweeg, en ons sal met u kommunikeer sodra 'n nuwe persoon aangestel is.

Die afgelope jaar was 'n interessante rit vir beleggers, terwyl hulle die Griekse skuld krisis, die Amerikaanse Federale Reserweraad se monetêre verskerping en wêreldwye ekonomiese vooruitsigte moes verwerk. Groeivooruitskattings vir 2015 en 2016 word steeds afwaarts aangepas. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank stel byvoorbeeld nou BBP-groei van 2.1% vir 2015 in die vooruitsig, teenoor hul raming van 2.5% in Desember 2014. Insgelyks is die BBP-groeiprojeksie vir 2016 van 2.9% tot 2.1% oor dieselfde tydperk verlaag. Risiko's vir hierdie vooruitskattings, wat met huidige markkonsensusvoorspellings ooreenstem, neig na die negatiewe kant.

Suid-Afrika kry miskien nou swaar, maar daar is tog tekens van hoop op die horison wat die meer negatiewe persepsies waardeur die SA ekonomie geteister word, teenwerk.

Hoewel plaaslike groei deur kwessies soos elektrisiteitstekorte, kommoditeite wat onder druk is en 'n swak rand gekortwiek word, kan positiewe tekens soos 'n verbetering in die handelstekort en inflasiesyfers die ekonomiese vooruitsigte effens opbeur.

Om meer uit te vind oor hoe die huidige wêreldwye ekonomiese omgewing op u beleggings inwerk, lees gerus die oorsig wat Rian le Roux, Hoofekonoom van Old Mutual Investment Group en Sake24 se Ekonoom van die Jaar, op bladsy 4 gee.

In 'n snelveranderende sake- en ekonomiese omgewing is innovasie uiters belangrik. Ons het die afgelope jaar verskeie veranderings ingebring om te sorg dat ons relevant bly, en die vooruitskouende vennoot wat u vandag én in die toekoms nodig het.

VERANDERING AAN ONS STRATEGIE- FONDSE SLUIT IN:

- Stemming deur alle beleggers in die Old Mutual Enhanced Income Fund en Old Mutual Real Income Fund. Ons glo ons kan beleggers in die Old Mutual Enhanced Income Fund beter in staat stel om die doelwit van 'n groeiende inkomstestroom oor 'n tydperk te bereik deur die fonds by die Old Mutual Real Income Fund in te lyf.
- Bekendstelling van die Old Mutual Moderate Balanced Fund, ons nuwe fonds wat ontwerp is om inflasie plus 3-4% te lewer.
- Naamverandering van die Old Mutual SYm|mETRY Fondsrreeks na Old Mutual Multi-Managers.
- Verandering van die maatstaf en prestasietekens van die Old Mutual Multi-Manager Cautious Fund of Funds.
- Bekendstelling van twee nuwe multibestuurder-fondse, naamlik die Old Mutual Multi-Manager Aggressive Balanced Fund of Funds en die Old Mutual Multi-Manager Maximum Return Fund of Funds.

Lees meer oor die redes vir hierdie veranderings op bladsy 9.

BELASTINGVRYE BELEGGING

Ons het met welslae die Old Mutual Unit Trusts Belastingvrye Belegging bekend gestel, wat al die regulatoriese en administratiewe vereistes in ag neem om aan wetgewing te voldoen. Dit stel u in staat om tot 'n maksimum van R30 000 per jaar in 'n belastingvrye struktuur naas u bestaande effektrustportefeulje te belê.

Indien u nog nie in hierdie opwindende produk belê het nie, kan u dit aanlyn doen of deur ons Kliëntedienssentrum te skakel. Andersins kan u uit u bestaande standaard-effektrustportefeulje by Old Mutual na 'n Belastingvrye Beleggingsrekening omskakel.

VOORUITSKOUEND

Ons bly daarop toegespits om u doelwitte te verstaan en u te help om hulle te verwesenlik. Dankie vir u volgehoue ondersteuning en dat u die versorging van u beleggings aan ons toevertrou. Ek hoop hierdie uitgawe is vir u interessante leesstof!

MARKONBESTENDIGHEID IN PERSPEKTIEF

Augustus, wat tradisioneel 'n stil maand met lae likiditeit is, het 'n grootskaalse afverkoping in wêreldmarkte beleef toe beleggers paniekerig geraak het. Nou bestaan vrese dat die afname in China se groeitempo erger is as wat verwag is en dat die owerheid nie in staat is om finansiële markte te stabiliseer en die onttrekking uit die vasteland se aandelebeurse te stuit nie (hoewel die Shanghai Saamgestelde Indeks nog positief is op 'n jaar-tot-jaar-grondslag). Hierdie vrese het toegeneem na die verrassende (maar betreklik klein) devaluering van die Chinese joean twee weke gelede.

CHINA VERLANGSAAM, MAAR GROEI STEEDS

China se ekonomiese groeikoers is sedert 2011 aan die afneem, maar dit lyk of die mark nou 'n "harde landing", d.w.s. 'n volskaalse resessie, vrees. Hierdie vrese lyk oordrewe. Die Internasionale Monetêre Fonds het onlangs gesê hy verwag groei van 6.8% in 2015 en 6.3% in 2016. Hierdie stadiger groei is "beter" groei aangesien dit meer volhoubaar en gebalanseerd is.

Die Amerikaanse ekonomie groei nog steeds sowat 2% per jaar en het beduidende vordering gemaak om werkloosheid te verminder. Een van die faktore wat inderdaad tot markonbestendigheid bygedra het, is die verwagting dat rentekoerse in die VS verhoog gaan word, maar rentekoersverhogings is 'n teken dat die ekonomie beter vaar, nie swakker nie. Die Eurosone se ekonomie toon ook verbetering nadat dit jare lank agtergebly het. Die VS, die Eurosone en China – die wêreld se grootste ekonomieë wat vir die helfte van die wêreld se bruto binnelandse produk verantwoordelik is – is dus besig om te groei. Dit lyk nie soos in 2008, toe die wêreld ekonomie feitlik oornag tot stilstand gekom het omdat die finansiële markte en die bankstelsel gevries het nie.

ONTLUIKENDE MARKTE ONDER DRUK

Maar stuur ons miskien af op 'n krisis in ontlukende markte, soos in 1998? Ontlukende ekonomieë het onder druk gekom omdat kommoditeitspryse geval het en China se groei verlangsaam het. Die verstewiging van die Amerikaanse dollar in afwagting van stygende rentekoerse het ook die lande met 'n groot tekort op hul lopende rekening geknou. Ons glo egter ontlukende markte is baie minder kwesbaar as in 1998 – juis omdat die lesse wat uit daardie krisis geleer is, toegepas is: valutareserwes is versterk en geldeenhede verhandel nou vrylik en dien as skokbrekers. Die SA Reserwebank het in 1998

byvoorbeeld die prima koers feitlik oornag tot 25% verhoog om die rand te beskerm, omdat die land se valutareserwes uitgeput is.

Die bates van ontlukende markte vaar sedert 2011 swakker as dié van ontwikkelde markte. Aandele van ontlukende markte verhandel 30% laer as dié van ontwikkelde markte – dit is die grootste gaping sedert 2005, gebaseer op 12-maande vooruitprys:verdienste-verhoudings. Hierdie aandeelpryse het reeds teleurstelling verreken. Insgelyks is die meeste geldeenhede van ontlukende markte op die beurse nou baie goedkoop op 'n reële handeldgeweegde grondslag. Suid-Afrika se reële effektiewe wisselkoers het byvoorbeeld van net bo sy langtermynwaarde in 2010 geval tot die huidige vlak van meer as een standaardafwyking onder sy langtermynwaarde. Dit beteken nie dit kan nie verder verswak nie, maar dit het reeds heelwat geval en as omstandighede verbeter, kan die geldeenhede aan die positiewe kant verras vanaf sulke vernielde vlakke.

Beleggers het reeds blootstelling aan ontlukende markte drasties verminder. Volgens 'n verslag van die Financial Times het kapitaalvloeï uit ontlukende markte oor die afgelope 13 maande altesaam \$1 triljoen bedra – dubbel die uitvloeï gedurende die wêreldwye finansiële krisis. Die tyd wanneer 'n mens die meeste bekommerd moet wees oor 'n bateklas, is wanneer dit teen 'n premie verhandel en beleggers in groot getalle ingekoop het.

WAT MOET BELEGGERS DOEN?

Moenie paniek met paniek probeer besweer nie. Beleggers moet onthou dat markonbestendigheid normaal is, selfs al het die gebeure van die afgelope paar dae uiterstes bereik. Fokus op u doelwitte en die beleggingshorison wat daaraan gekoppel is. Die tyd om van koers te verander, is wanneer 'n mens se persoonlike omstandighede verander het – nie in reaksie op marktoestande nie. Die opstel van 'n finansiële plan help om u deur onstuimige tye te laat koers hou – moenie u plan laat vaar wanneer die markte weifel nie.

WAT DOEN ONS?

Marktoestande, waardasies en die ekonomiese vooruitsig word deurentyd deur fondsbestuurders in ag geneem, sodat finansiële beplanners en kliënte kan fokus op aspekte wat vir hulle die meeste saak maak.



RENTEKOERSVERHOOGINGS REGOOR DIE WÊRELD ONTSENU BELEGGERS

RIAN LE ROUX | HOOFEKONOOM, OLD MUTUAL INVESTMENT GROUP

Beleggers het die afgelope maand op drie sleutelkwessies gekonsentreer: spanning en onsekerheid oor Griekeland se skuldsituasie; die voortgesette debat oor die tydsberekening, tempo en omvang van die Amerikaanse Federale Reserweraad (die Fed) se beleidsverskerping; en toenemende kommer oor die toestand van die wêrelddeks. Hierdie inkomende data was oor die algemeen aan die swak kant en kommer oor die verlangsamings in China het skerp toegeneem.

Ondanks die feit dat die Griekse bevolking in hul referendum van vroeg Julie oorweldigend ten gunste van die verwerping van groter besnoeiing gestem het, is die Griekse regering kort daarna effektief gedwing om hierdie maatreëls te aanvaar in ruil vir meer finansiële steun van die Europese Unie. Griekeland moes 'n eenvoudige keuse maak: aanvaar die voorwaardes vir finansiële ondersteuning, of verlaat die Eurosone.

Terwyl banke gesluit het en die skade aan die reeds erg bedrukte ekonomie vinnig vererger het, het die Griekse regering tot die voorwaardes vir verdere bystand ingestem. Kommer oor die onmiddellike risiko's vir internasionale finansiële markte weens die moontlikheid dat Griekeland die gemeenskaplike monetêre gebied kon verlaat en versuim om sy groot skuldverpligtinge na te kom, het teen einde Junie vervaag. Hoewel die situasie bedaar het, is die probleem nie naastenby opgelos nie. Griekeland sal uiteindelik aansienlike skuldverligting nodig hê om sy skuldsituasie volhoubaar te maak. Die Griekse skuldprobleem sal waarskynlik in die toekoms weer kop uitsteek. Nog 'n bron van kommer is of Griekeland sy verpligtinge sal nakom – hulle het tot dusver taamlik swak gevaar hiermee.

INDIENSNEMING WEK TWYFEL OOR TYDSBEREKENING VAN RENTEKOERS- VERHOOGING

Wat die Fed betref, ondersteun inkomende data oor die reële ekonomie nog steeds die saak vir die verhoging van rentekoerse voor die einde van die jaar. Belangriker, veral vir die Fed, is dat die arbeidsmark steeds strammer geraak het

namate die groei in werkgeleenthede versnel het, loongroei meer tekens van lewe toon en werkloosheidseise op die laagste vlakke in jare is.

Teen die einde van die maand het die indiensnemingskoste-indeks, wat beide lone en voordele dek en fyn dopgehou word, egter skerp teruggesak in die tweede kwartaal, wat daarop dui dat vergoedingsgroei oor die algemeen betrek laag bly. Dit het twyfel laat ontstaan oor die tydsberekening van die eerste Amerikaanse rentekoersverhoging, en baie beweer dat die jongste data heel moontlik sal meebring dat VS koersverhogings eers in Oktober of Desember sal begin. Die Fed beweeg egter nog steeds al hoe nader aan die begin van die verhogingsiklus en markte bly senuagtig oor die moontlike gevolge van stygende Amerikaanse rentekoerse, veral as die kwesbaarheid en swak groei elders in die wêreld in ag geneem word. Intussen bly nuus uit China swak, aangesien inkomende data daarop dui dat groei die afgelope paar maande nog verder stoom verloor het. 'n Onlangse opname onder meestal vervaardigers in die privaat sektor het bevind dat sentiment tot die laagste vlak in twee jaar gedaal het. Dit het kommer laat ontstaan dat die beleidsmaatreëls wat tot dusver vanjaar ingestel is, weinig gehelp het om die verlangsamings te stuit. Daarom het vrese toegeneem dat die ekonomie op 'n harder landing afstuur as wat tot dusver verwag is.

Kommer oor stygende Amerikaanse rentekoerse, vooruitsigte van 'n hernude versterking van die Amerikaanse dollar en die verlangsamings in China het die afgelope maand 'n baie negatiewe uitwerking op kommoditeitspryse gehad en pryse het oor 'n breë front skerp gedaal. Daarom word 'n herstel nie in die nabye toekoms verwag nie.

WÊRELDWYDE VOORUITSIGTE

Wêreldwyd word marksentiment oorheers deur die styging in Amerikaanse rentekoerse asook die ekonomiese verlangsamings in China. Die kombinasie van hierdie twee kragte plaas afwaartse druk op kommoditeitspryse en die geldeenhede van ontluikende markte, wat moeiliker toestande vir baie ontwikkelende lande veroorsaak.

RESERWEBANK SE KOERSVERHOOGING MISKIEN NIE LAASTE VIR 2015

Die vernaamste plaaslike gebeurtenis van die afgelope maand was die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) se besluit om die repokoers met 25 basispunte tot 6.0% te verhoog, waarna die banke hul prima koers tot 9.50% verhoog het.

Hoewel die SARB al 'n geruime tyd maan dat rentekoerse verder sal moet styg om toenemende onderliggende inflasiedruk (as gevolg van die swakker rand en loonskikkings bo inflasie) teen te werk, was die tydsberekening van die verhoging vir markdeelnemers effens onverwags – grotendeels as gevolg van die groter verwagting dat die VS Federale Reserweraad die aanvang van die verhogingsiklus tot later as September sal uitstel, swak inkomende plaaslike makro-ekonomiese data, laer as verwagte inflasie in Junie en 'n hernude daling in die olieprys. Nietemin het die SARB waarskynlik die koers verhoog as 'n voorkomende maatreël en om sy eie geloofwaardigheid te beskerm, terwyl hy telkens gewaarsku het dat hoër plaaslike koerse nodig is en kommer uitgespreek het oor die impak op Suid-Afrika se vermoë om die steeds groot tekort op die lopende rekening te befonds terwyl internasionale finansiële toestande al hoe moeiliker raak.

HANDELSBALANS GEE BIETJIE MOED, GROEIVooruitsig LYK TREURIG

Ekonomiese data was in Junie gemeng. Aan die positiewe kant het die handelstekort in Junie vir die tweede maand na mekaar 'n surplus getoon, en inflasie het van 4.6% in Mei net tot 4.7% in Junie toegeneem (aansienlik minder as die markkonsensus-verwagting dat dit tot 5.0% sou styg). Daarenteen het aanwysers van reële ekonomiese aktiwiteit swak gebly: kredietvraag, veral van huishoudings, het baie stadig gebly, motorverkope het gedaal en die Reserwebank se indeks van leidende aanwysers het nog verder verswak – wat daarop dui dat die kanse skraal is dat ekonomiese aktiwiteit binnekort gaan versnel. Om die waarheid te sê, word groeivooruitskattings vir 2015 en 2016 steeds afwaarts aangepas. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank stel byvoorbeeld nou BBP-groei van 2.1% vir 2015 in die vooruitsig, teenoor hul raming van 2.5% in Desember 2014. Insgelyks is die BBP-groeioprojeksie vir 2016 van 2.9% tot 2.1% oor dieselfde tydperk verlaag. Risiko's vir hierdie vooruitskattings, wat met huidige markkonsensus-voorspellings ooreenstem, neig na die negatiewe kant.

INTERNASIONALE FINANSIERINGS- TOESTANDE PLAAS DRUK OP RAND

Wat die handelsbalans betref, is die verbetering oor die afgelope paar maande beslis gerusstelend. Ons reken die onlangse verbetering kan die tekort op die lopende rekening tot sowat 3.5% van BBP vernou vir die tweede kwartaal, vanaf 4.8% in die eerste kwartaal en 5.5% in 2014. Hoewel 'n kleiner tekort toon dat Suid-Afrika se buitelandse handelsposisie begin verbeter, kan dit moeilik wees om dit te finansier indien internasionale finansieringstoestande nog strammer raak wanneer die VS Fed besluit om rentekoerse te verhoog. Die vrystelling van die gunstige handelsbalans vir Junie het nie eintlik 'n gunstige uitwerking op die rand gehad net nadat die syfer bekend gemaak is nie. Dit beklemtoon die voortgesette kwesbaarheid van die rand in die huidige moeilike internasionale omgewing van dalende kommoditeitspryse en strammer internasionale likiditeit.

PLAASLIKE VOORUITSIGTE

Vooruitskouend verwag ons dat die SARB weer rentekoerse later vanjaar gaan verhoog. Die tydsberekening van so 'n stap is moeilik om te voorspel, aangesien die Reserwebank ná die Monetêre Beleidskomitee se vergadering in Junie dit duidelik gestel het dat toekomstige besluite oor rentekoerse sterk op data sal berus. Terwyl die rand nog onder druk verkeer, inflasie waarskynlik verder gaan styg vir die res van die jaar, inflasieverwagtings aan die bokant van die teikenband geanker is en loonskikkings ver bo die algemene inflasiekoerse is, verwag ons op hierdie stadium dat die SARB rentekoerse by een van sy oorblywende geskeduleerde vergaderings in September en November sal verhoog. Die werklike tydstop sal sterk van inkomende data afhang. Wat 2016 betref, sal die patroon van rentekoerse ook afhang van hoe die inflasievooruitsig ontvou. Die rand, olieprys en voedselinflasie is die sleuteldryfvere hiervoor.

SAMEVATTEND

- Daar is 'n volgehoue debat oor die tydsberekening, tempo en omvang van die Amerikaanse rentekoersverhogingsiklus.
- Ekonomiese verlangsamings in China gaan voort weens die verlies aan groeimomentum oor die afgelope paar maande.
- Die SARB kan rentekoerse weer later vanjaar verhoog. Weens 'n aantal faktore is die kanse skraal dat ekonomiese groei binnekort sal versnel.
- Die rand bly kwesbaar in die huidige moeilike internasionale toestande.



SIENING VAN BATEKLASSE OOR DIE ALGEMEEN ONVERANDERD

PETER **BROOKE** | HOOF VAN MACROSOLUTIONS

Ons hersien elke ses maande ons mediumtermyn-siening van bateklasse (d.w.s. oor 'n 5-jaartydperk). Hierdie siening beïnvloed ons strategiese sowel as ons taktiese beleggingsbesluite. Ons het nie ons langtermynverwagtings ten opsigte van reële opbrengste wesenlik verander nie, omdat ons siening is dat die wêreld oor die algemeen onveranderd gebly het sedert die begin van die jaar. Ondanks die onopwindende wêreldwye vooruitsigte en verswakking van Suid-Afrika se groeiverwagtings, reken ons 'n portefeulje wat internasionale aandele, plaaslike effekte en sekere uitgesoekte Suid-Afrikaanse aandele bevat, sal aanvaarbare absolute opbrengste lewer.

KOMMENTAAR OOR BATEKLASSE

SA ekonomie: Die Suid-Afrikaanse ekonomiese groei-omgewing lyk droewig, met internasionale hindernisse (soos swak kommoditeitspryse en 'n sterk Amerikaanse dollar) en plaaslike kapasiteitsbeperkings wat deur eie toedoen veroorsaak is (soos die elektrisiteitskrisis en kontant-arm semi-staatsinstellings).

Wêreldekonomie: Die wêreldekonomie ploeter nog steeds voort op die Goue Lökkies-manier: nie te warm nie en ook nie te koud nie. Daar is genoeg groei (stimulering) om te sorg dat ons nie weer in 'n resessie beland nie, maar nie genoeg om rentekoersverhogings te aktiveer nie.

SA aandele: Die strawwe ekonomiese klimaat maak dit uiters moeilik vir maatskappye om goeie verdienstegroei te lewer. Daarom is ons baie meer versigtig oor SA aandele as oor wêreldaandele.

SA genoteerde eiendom: Hierdie sektor vaar nog steeds goed, met uitstekende opbrengste. Uitkeringsgroei is goed en ons enigste kommer is die hoër waardasies.

SA effekte: Aangesien ons waarskynlik nou in 'n omgewing van lae opbrengste inbeweeg, is Suid-Afrikaanse effekte vir ons verrassend aantreklik. 'n Steil opbrengskromme behoort te verseker dat langtermyn-effekte ten spyte van rentekoersverhogings goeie opbrengste lewer.

SA kontant: Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het sy geloofwaardigheid om inflasie te beveg, met 'n rentekoersverhoging van 25 basispunte bewys. Dit is slegte nuus vir die ekonomie, maar goeie nuus vir spaarders.

Die rand: Ons geldeenheid is vasgevang tussen die botsende strome van 'n swak tematiese (makro-ekonomiese) omgewing en 'n goedkoop prys. Dit beteken dat dit sywaarts beweeg het op 'n handelsgeweegde grondslag. Ons het nie op die oomblik 'n sterk siening oor die rand nie, maar glo die risiko is dat dit verder kan verswak.

Internasionale aandele: Lae inflasie beteken heelwat likiditeit, wat goed is vir groeibates. Daarom bly internasionale aandele ons voorkeurbateklas. Ons het beter verdienstegroei nodig om werklik te presteer en is optimisties dat Europa 'n sikliese herstel sal beleef.

Internasionale effekte: Ons handhaaf ons negatiewe langtermynsiening oor internasionale effekte, as gevolg van besonder lae opbrengste. Ons verwag egter dat die opbrengste binne 'n nou band sal beweeg as gevolg van die lae groeikoerse en inflasie wêreldwyd.

Internasionale kontant: Ondanks die naderende rentekoersverhoging deur die VS Federale Reserweraad, is rentekoerse wêreldwyd steeds aan die daal omdat sentrale banke regoor die wêreld koerse verlaag. Internasionale kontant bly niks werd.

LANGTERMYNVOORUITSIGTE VIR BATEKLASSE

	Reële opbrengs	Siening	Kommentaar
SA		Neutraal	Meer gebalanseerde vooruitsig
Aandele	5.0%	Neutraal -	Sleutelrisiko is verdiensteprestasie terwyl ekonomie sukkel
Eiendom	4.5%	Neutraal	Toenemende risiko ná reuse-stygmark
Effekte	2.5%	+	Gebrek aan alternatiewe keuses maak SA effekte aantreklik
Kontant	0.5%	-	Aggressiewe Reserwebank help om opbrengste hupstoot te gee
Internasionaal*		Neutraal	Behou diversifikasie vir risikobestuur
Aandele	5.0%	+	Beste risiko-aangepaste opbrengste
Effekte	-1.0%	-	Rekordlae koerse = lae opbrengste
Kontant	-1.0%	-	Internasionale kontant bly niks werd.

Let wel: Dit is reële langtermyn-opbrengste wat oor die volgende vyf jaar verwag word, **soos op 15 Julie 2015**. Die internasionale opbrengsverwagtings word in Amerikaanse dollar aangedui; enige REËLE randdepresiasie sal plaaslike beleggeropbrengste verhoog.

Bron: MacroSolutions

Neem asseblief kennis dat dit riskant kan wees om eenvoudig hierdie sienings in 'n portefeulje toe te pas sonder om die dinamiese aard van die omgewing in ag te neem, en hoe verandering elke bateklas beïnvloed. Aangesien ons deurentyd hierdie omgewing ontleed, was ons tot dusver baie suksesvol om ons siening ten opsigte van batetoewysing in prestasie vir ons beleggers te omskep.

SAMEVATTEND

- Langtermynsiening van bateklasse is bygewerk.
- Verdiensteprestasie 'n sleutelrisiko vir SA aandele.
- SA effekte verrassend aantreklik in 'n omgewing van lae opbrengste.



BELÊ WAAR DIE FONDSBESTUURDERS BELÊ

Wees op die uitkyk vir Old Mutual Investment Group se nuwe TV-advertensie vroeg in September – Belê waar die fondsbestuurders belê! Hierdie advertensie is een komponent van 'n opwindende bemarkingsveldtog wat die verbintenis van ons fondsbestuurders tot u langtermynsukses beklemtoon. Hulle belê hul eie geld sy aan sy met u s'n in die fondse wat hulle bestuur, wat beteken hulle is beleggingsgewys net so betrokke soos u.

Die bemarkingsveldtog fokus ook op 'n paar bekende fondse van Old Mutual Unit Trusts en die fondsbestuurders van hierdie fondse. Dit sluit die amper 50 jaar oue Old Mutual Investors' Fund in (bestuur deur Peter Linley, Old Mutual Equities), die bestendig presterende Old Mutual Balanced Fund (bestuur deur Graham Tucker, MacroSolutions) en die veelbekroonde Global Equity Fund (bestuur deur Ian Heslop, Old Mutual Global Investors).

Besoek dus www.oldmutualinvest.com/asinvested om meer te wete te kom oor die fondse wat ons aanbied en ons bestuurders wat na hierdie fondse omsien. U kan ook meer lees oor hul passie vir beleggings en hoe hulle beleggingsbesluite neem, asook hoe hulle onbestendige marktoestande hanteer en wat hulle as beleggingsukses beskou.

PETER LINLEY

"Die beginsel om sy aan sy met ons kliënte te belê, is baie belangrik omdat dit duidelik kommunikeer dat ons glo in wat ons doen. Dit beteken ek bestuur die Old Mutual Investors' Fund eintlik asof dit my eie geld is, omdat ek self 'n beduidende bedrag in die fonds belê het. Ek sluit nie net aan by my kliënte nie, maar vir my is dit baie belangrik dat ons hele span sy aan sy met ons kliënte belê. Elke lid van die span belê dus ook 'n aansienlike deel van hul eie geld in die Old Mutual Investors' Fund. Ons het 'n baie duidelike begrip van ons kliënte omdat ons in werklikheid self ook kliënte is."

BRIAN PYLE

"My belangrikste finansiële prioriteit is om privaatskool-onderrig vir my kinders te befonds, en dit beteken om opvoedingskoste te bekostig, teen 3% meer as inflasie. Om dus die beste opvoeding te kan bekostig, moet ek 'n opbrengs verdien wat heelwat meer as inflasie is, en daarom verkies ek om 100% in aandele te belê. Ek doen dit deur in die Old Mutual Investors' Fund te belê."

GRAHAM TUCKER

"Portefeuljebestuurders word nie betaal om snags rustig te slaap nie, want wat ons doen, verg baie verantwoordelikheid. Die beste beleggingsadvies wat ek ooit gekry het, was dat dit tyd in die mark is wat tel, en nie marktydsberekening nie. Daarom moet 'n mens geduldig wees, want belegging is nie 'n kitsrykwoord-skema is nie. Deur my geld naas dié van my kliënte in die Old Mutual Balanced Fund te belê, neem ek nie net namens my kliënte besluite oor hul geld nie, maar ook oor my eie."

PETER BROOKE

"Die beste beleggingsbesluit wat ek geneem het, was om 100% van my bewaringsfonds in my eie fonds, die Old Mutual Pinnacle Fund, te belê toe ek tien jaar gelede by Old Mutual aangesluit het. Ek het daarna ook al my bonusse in die Old Mutual Flexible Fund belê. Die uitsonderlike opbrengste wat hierdie fondse behaal het, plus die krag van saamgestelde rente, beteken dat die gehalte van my aftrede wesenlik verhoog sal word."

ONS HOOP ONS
VELD TOG SPOOR U AAN
OM TE **BELÊ WAAR DIE**
FONDSBESTUURDERS BELÊ!

STRATEGIEFONDSE – 'N VOLLEDIGE BELEGGINGSTRATEGIE OM U TOEKOMSTIGE FINANSIËLE DOELWITTE TE BEREIK

DARIUS VAN DER WALT | HOOF VAN PRODUKTE, OLD MUTUAL UNIT TRUSTS

Finansiële vryheid gaan oor meer as net welvaartoorwegings. Dit gaan oor wat 'n mens gelukkig maak en die vermoë om jou unieke ambisies na te streef. Om persoonlike doelwitte te verwesenlik, het 'n mens 'n strategie nodig wat aan jou spesifieke behoeftes beantwoord.

Ons reeks strategiefondse is sorgvuldig saamgestel om teen aanvaarbare risikovolke oor verskillende tydperke opbrengste te lewer wat inflasie oortref, en u te help om u welvaart in 'n enkele eenvoudige oplossing te bestuur. Direk gekoppel aan die onbestendigheid wat u kan verwag, is elke fonds in ons reeks 'n volledige beleggingstrategie om u toekomstige finansiële doelwitte te bereik.

U kan ons enkel- of multibestuurde fondse as selfstandige fondse gebruik, tussen hulle omskakel soos u behoeftes verander, of hulle as kernelemente van u portefeulje gebruik, waarby u taktiese fondse uit ons volledige fondse reeks kan voeg.

VOORDELE VAN ONS STRATEGIEFONDSE

BREË NAVORSING

Ons reeks sluit enkel- en multibestuurder-fondsopsies in. Albei speel 'n belangrike rol om te sorg dat die fondse gediversifiseer word en in die mees geskikte kombinasie van bates in verskillende marktoestande belê word. Ons enkelbestuurder, Old Mutual Investment Group, doen omvattende marknavorsing en bepaal die regte kombinasie van bates om die bedoelde uitkoms van elke strategie te verwesenlik. Ons multibestuurder, Old Mutual Multi-Managers, doen detail-ontledings van die onderliggende bestuurders om seker te maak dat hul bestuurderkeuse en toewysing per bateklas geskik is om die strategie se doelwitte te verwesenlik.

KLIËNTEFOKUS

U kan toegewyde kliëntefokus verwag, omdat ons al die aanvoorwerk namens u doen – ons kry 'n begrip van u behoeftes en bied u 'n geskikte fondse reeks om u finansiële doelwitte te verwesenlik.

VERLAAGDE RISIKO

U het gerusstelling dat die gekose strategiefonds by u beleggingsdoelwitte aansluit, met 'n duidelike belyning van u doelwitte met die fondse. Herbalansering, batetoewysing en die keuse van bestuurders in ons multibestuurde fondse word ook bestuur.

INGESTEL OP DIE LANG TERMYN

U hoef nie prestasie na te jaag nie, omdat die fonds waarin u belê is, ontwerp is om 'n spesifieke doelwit oor aanbevole minimum beleggingstermyne te bereik, en aktief bestuur word om dit te verwesenlik.

OMVATTENDE VERSLAGDOENING

U sal via Minimum Openbaar makingsdokumente (MDD's) toegang hê tot volledige fondsverslae.

VERBETERINGS VAN ONS REEKS STRATEGIEFONDSE

Ons soek deurentyd maniere om ons fondse reeks te verbeter en vir u die regte opbrengste aan te bied om u langtermyn doelwitte te verwesenlik. Met die oog hierop het ons onlangs 'n aantal verbeterings in ons reeks Strategiefondse aangebring.

ENKELBESTUURDER-FONDSE:

- In ons strewende om 'n volledige fondse reeks aan te bied wat al u behoeftes dek, het ons die Old Mutual Moderate Balanced Fund by die Inflasie Plus 3-4% strategie gevoeg. Hierdie fonds lê tussen die Old Mutual Stable Growth Fund en die Old Mutual Balanced Fund in ons Strategiefondse reeks.
- Ons glo ons kan beleggers in die Old Mutual Enhanced Income Fund beter in staat stel om die doelwit van 'n groeiende inkomstestroom oor 'n tydperk te bereik deur die fonds by die Old Mutual Real Income Fund in te lyf. Ons sal dus in die komende maande beleggers in albei fondse kans gee om oor hierdie verandering te stem.

STRATEGIEFONDSE – 'N VOLLEDIGE BELEGGINGSTRATEGIE OM U TOEKOMSTIGE FINANSIËLE DOELWITTE TE BEREIK (VERVOLG)

- Die fooigrondslag van die Old Mutual Maximum Return Fund of Funds sal in ooreenstemming gebring word met dié van die ander Old Mutual-strategiefondse.

MULTIBESTUURDER-FONDSE:

- Die Old Mutual SYm|mENTRY Fondse reeks se naam verander na Old Mutual Multi-Managers.
- Ons het twee nuwe multibestuurder-fondse bekend gestel, wat die strategiefondse in die Inflasie Plus 5-7% en Maksimum Opbrengs-kategorieë sal wees:
 - Old Mutual Multi-Manager Aggressive Balanced Fund of Funds: Hierdie multibestuurde fonds van fondse streef opbrengste na wat inflasie oor die lang termyn beduidend sal oortref. Hierdie fonds voldoen aan Regulasie 28. Uit hoofde van sy aggressiewe gebalanseerde samestelling, sal dit waarskynlik 'n hoër gemiddelde aandeleblootstelling hê as wat tiperend is van die meeste ander multi-bate hoë aandeleportefeuljes.

- Old Mutual Multi-Manager Maximum Return Fund of Funds: Hierdie multibestuurde fonds van fondse se doelwit is om die maksimum maonlike beleggingsopbrengs oor 'n lang beleggingstermyn te verkry. Hoewel die fonds se primêre fokus op aandele is, verhoed dit nie die fondsbestuurder om ook in effekte, genoteerde eiendom, kontant of ander bateklasse te belê om langtermyn groei te maksimeer nie. Die fonds hoef ook nie 'n vaste minimum of maksimum in Suid-Afrikaanse of internasionale bates te belê nie.

- Die Old Mutual Multi-Manager Cautious Fund of Funds se maatstaf en prestasiedoelwit sal van die STeFI Saamgestelde Indeks en STeFI Saamgestelde Indeks Plus 1-2% na VPI en VPI Plus 2-3% verander.

In ons hele reeks word prestasiedoelwitte wat met betrekking tot inflasie omskryf word, voor die aftrekking van fooie weerspieël. Hierdie doelwitte sal voortaan ná aftrekking van kleinhandelsfooie weerspieël word.

SO LYK DIE VERBETERDE STRATEGIEFONDS-REEKS:

	KONTANT	VERHOOGDE INKOMSTE	INFLASIE PLUS 2-3%	INFLASIE PLUS 3-4%	INFLASIE PLUS 4-5%	INFLASIE PLUS 5-7%	MAKSIMUM OPBRENGS
Enkel	OM Money Market Fund	OM Real Income Fund	OM Stable Growth Fund	OM Moderate Balanced Fund	OM Balanced Fund	OM Flexible Fund	OM Maximum Return Fund of Funds
Multibestuurde Fondse	OM Multi-Manager Money Market Fund	OM Multi-Manager Enhanced Income Fund of Funds	OM Multi-Manager Cautious Fund of Funds	OM Multi-Manager Defensive Fund of Funds	OM Multi-Manager Balanced Fund of Funds	OM Multi-Manager Aggressive Balanced Fund of Funds	OM Multi-Manager Maximum Return Fund of Funds

Die reis om u finansiële doelwitte te bereik, begin by die identifisering van u behoefte. 'n Toepaslike strategie word dan vir u behoefte gekies. Die keuse van 'n spesifieke strategie sal vir u gemoedsrus gee omdat u weet wat om oor 'n tydperk van die onderliggende fondse te verwag.

BESOEK WWW.OMUT.CO.ZA. VIR MEER EFFEKTETRUST-INLIGTING, -PRYSE EN NUUS.

Old Mutual Unit Trust Managers (RF) (Pty) Ltd (Registrasiennr. 65/08471/07)

Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands 7405, Suid-Afrika | Posbus 207, Kaapstad 8000, Suid-Afrika

Telefoonnr.: +27(0)21 503 1770 | Hulplyn: 0860 234 234 | Faksnr.: +27(0)21 509 7100 | Internetadres: www.omut.co.za

E-pos: unittrusts@oldmutual.com | Klagtes: Skryf aan ons Kliëntediensbestuurder by bogenoemde adres of skakel 0860 234 234.

Nakomingsafdeling: +27(0)21 503 1770



HOEKOM DIT BELANGRIK IS OM U BESONDERHEDE **OP DATUM** TE HOU

BELINDA **DUFF** | KLIËNTEBELANGHEBBER-BESTUURDER, OLD MUTUAL UNIT TRUSTS

U persoonlike inligting kan van tyd tot tyd verander. Maak seker dat u nie belangrike boodskappe, nuus of korrespondensie van ons misloop nie – deur u straat, pos- en e-posadres en telefoniese kontakbesonderhede op datum te hou. Alle transaksiestate, belastingsertifikate en algemene kommunikasie word gestuur deur u kontakbesonderhede op ons rekords te gebruik.

Ons het u korrekte selffoonnommer nodig om te sorg dat u u SMS-bevestigings van transaksies ontvang, of kennisgewings kry wat bevestig dat u persoonlike of bankbesonderhede bygewerk is.

Indien u besonderhede verander het, kan u dit aanlyn op ons beveiligde webtuiste of op InfoSlips bywerk. U kan ook u finansiële adviseur of Old Mutual Unit Trusts se dienssentrum kontak.

Daar was die afgelope paar jaar talle regulatoriese en belastingveranderings, wat baie veranderings aan ons vorms meegebring het. Om onnodige vertraging te voorkom, maak asseblief seker dat u die jongste aansoekvorms op ons webtuiste of by u finansiële adviseur kry en gebruik wanneer u veranderings aan u beleggings aanbring of u persoonlike besonderhede bywerk.

REGULATORIESE VERANDERINGS

Daar is 'n paar regulatoriese en belastingveranderings wat ons onder u aandag wil bring. Hierdie wette en regulasies word toegelig om seker te maak dat ons, as u Finansiële Diensverskaffer (FDV), altyd u bygewerkte persoonlike en belastingbesonderhede het.

FICA: Die **Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum** is in 2001 ingestel en vereis dat FDV's stawende dokumente verkry om kliëntinligting te verifieer. Daarom moet nuwe beleggers en bestaande beleggers wat hul besonderhede bywerk,

'n afskrif van hul ID en 'n nutsrekening (wat minder as drie maande oud is) verskaf.

FATCA: Die **"Foreign Account Tax Compliance Act"** is 'n belastingnakomingsreël wat deur die Verenigde State ingestel is en wêreldwyd van finansiële instellings vereis om hul rekords vir verdagte Amerikaanse persone na te gaan en sulke persone se identiteit aan te meld. Die tussenregering-ooreenkoms tussen Suid-Afrika en die VS vereis dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) spesifieke inligting oor ons beleggers se rekeninge aan die Amerikaanse belastingowerheid, die IRS (Internal Revenue Service), verskaf. Die bedoeling hiervan is om die ontduiking van Amerikaanse belasting deur Amerikaners wat geld buite die VS wegsteek, op te spoor en te keer.

Om hierdie rede het ons u persoonlike belastingnommer nodig om vir belastingdoeleindes aan die SA Inkomstediens verslag te doen. Indien u vir belastingdoeleindes in 'n ander land geregistreer is, sal u buitelandse belastingbesonderhede ook bekend gemaak moet word.

MAKLIKE TOEGANG EN DIENSLEWERING GEKOMBINEER

By Old Mutual Unit Trusts is die moontlikhede onbeperk vir vinnige en maklike toegang op enige plek, en enige tyd.

AANLYN BEVEILIGDE WEBTUISTE

Ons verpersoonlike en gerieflike beveiligde webtuiste gee u toegang om:

- Na u volledige portefeulje effekte-trustbeleggings te kyk
- Ingeligte beleggingsbesluite te neem
- Eenhede (onderaandeel) te koop, verkoop en om te skakel (transaksietoegang)
- U persoonlike besonderhede en inkomstebelasting-verwysingsnommer by te werk.

Indien u nog nie geregistreer is nie, gaan na www.omut.co.za en klik op "Log in" vir 24-uur toegang tot u beleggings



BEVEILIGDE WEBTUISTE VIR MOBIELE MEDIA

Ons mobi-webtuiste bied waardetoevoegingsdienste om met een vingerbeweging u volledige portefeulje effektetrustbeleggings op te roep. Om op u slimfoon na u beleggingsinligting te kyk, besoek www.omut.co.za en kies "Unit Trusts" in die tuimelkieslys.

KLIËNTEDIENSSENTRUM 0860 234 234

U kan ook ons dienssentrum Maandag tot Vrydag van 8 vm tot 5 nm skakel as u u persoonlike besonderhede wil bywerk, inligting oor u effektetrustportefeulje wil kry of transaksies wil doen.

Old Mutual Unit Trusts InfoSlips – Maak u lewe eenvoudiger en makliker.

Kry u vertroulike en beveiligde effektetruststaat per e-pos. Al wat u moet doen, is om 'n paar maklike stappe te volg:

- Verander u korrespondensievoordeur na e-pos.
- Wanneer u u eerste staat per e-pos van InfoSlips ontvang, knyp 'n paar minute af om die InfoSlips-toepassing af te laai.
- U hoef daarna niks meer af te laai indien u dieselfde rekenaar of tablet gebruik nie.

DIT IS EENVOUDIG EN VEILIG

U kan nou na huidige en vorige state van Old Mutual Unit Trusts kyk.

Alle InfoSlips-state wat aan u gestuur word, word veilig vir u bewaar en u kan enige tyd toegang kry daartoe.

U kan na u beleggingsbesonderhede kyk wanneer dit ook al vir u gerieflik is, en u hoef nie altyd aanlyn te wees om dit te doen nie.

Wanneer u aanlyn is, kan u u persoonlike inligting direk en veilig bywerk – insluitend veranderings en bywerkings wat u aan u debietorders wil aanbring.

STEL U BELANG?

U moet eers u korrespondensievoordeur na e-pos verander. Skakel ons Kliëntedienssentrum vandag by 0860 234 234. U sal u volgende effektetruststaat per e-pos ontvang.

TOEKENNINGS

Elke jaar bou voort op die suksesse van vorige jare, en ons is trots op die nuwe hoogtes wat ons die afgelope jaar bereik het:

RAGING BULL

OLD MUTUAL GLOBAL EQUITY FUND

Raging Bull-toekenning vir: Topprestasie deur 'n Plaaslike Kollektiewe Beleggingskema vir die 3-jaartydperk geëindig 31 Desember 2014, in die kategorie Beste (SA-gesetelde) Algemene Internasionale Aandelefonds.

Sertifikaattoekennings vir: Beste Prestasie op die grondslag van Risiko-aangepaste Opbrengste deur 'n Plaaslike Kollektiewe Beleggingskema vir die 5-jaartydperk geëindig 31 Desember 2014 in die kategorie Beste (SA-gesetelde) Algemene Wêreldaandelefonds.

OLD MUTUAL INTERNATIONAL GROWTH FUND OF FUNDS

Sertifikaattoekennings vir: Topprestasie deur 'n Plaaslike Kollektiewe Beleggingskema vir die 3-jaartydperk geëindig 31 Desember 2014, in die kategorie (SA-gesetelde) Veelsydige Internasionale Multibatefonds.

Beste Prestasie op die grondslag van Risiko-aangepaste Opbrengste deur 'n Plaaslike Kollektiewe Beleggingskema vir die 5-jaartydperk geëindig 31 Desember 2014, in die kategorie (SA-gesetelde) Veelsydige Internasionale Multibatefonds.

MORNINGSTAR-TOEKENNINGS

OLD MUTUAL GLOBAL EQUITY FUND

Morningstar-kategorietoekenning vir: Beste risiko-aangepaste prestasie in die Wêreldaandele-kategorie, gebaseer op 1-, 3- en 5-jaar-prestasietydperke asook risikomaatstawwe tot 31 Desember 2014.



STATUTÊRE INLIGTING

- Ons streef die billike behandeling van ons kliënte na deur vir u die inligting wat u nodig het, op so 'n eenvoudige wyse as moontlik te gee sodat u ingeligte besluite oor u beleggings kan neem.
- Ons glo aan die waarde van gesonde advies en daarom beveel ons aan dat u 'n finansiële beplanner raadpleeg voordat u effektetrusts koop of verkoop. U kan egter sonder die hulp van 'n finansiële beplanner koop en verkoop. Indien u die dienste van 'n beplanner gebruik, herinner ons u dat die beplanner op sekere onderhandelbare beplannerfoeie of kommissie geregtig is.
 - Die fondsfoeie en koste wat ons vra om u belegging te bestuur, is op die betrokke fonds se minimum openbaarmakingsdokument of in die tabel met foeie en koste beskikbaar. Albei is op ons openbare webtuiste of by ons kontaksentrum verkrygbaar.
 - Ideaal gesproke behoort u effektetrusts as 'n medium- tot langtermynbelegging te beskou. Dit beteken u behoort effektetrusts vir minstens vyf jaar te hou om die belegging kans te gee om te groei. Die skommeling van bepaalde beleggingstrategieë het 'n invloed op 'n fonds se prestasie. U fondswaarde kan styg of daal. Ons kan dus nie die beleggingskapitaal of die opbrengs op u belegging waarborg nie. Hoe 'n fonds in die verlede gevaar het, is nie noodwendig 'n aanduiding van hoe dit in die toekoms sal presteer nie.
 - Ons afsnytyd vir kliëntetransaksies (bv. koop en verkoop) is om 15:00 elke werkdag vir alle fondse behalwe die geldmarkfondse, waarvan die prys daaglik om 13:00 vasgestel word. Dit is ook die tyd wanneer ons ons fondse waardeer om die heersende prys van die dag te bepaal (behalwe teen die maandeinde, wanneer ons die waarde van die Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund, Old Mutual Top 40 Fund en Old Mutual SYm|mETRY Equity Fund of Funds om 17:00 bepaal). Daaglikse pryse is op OMUT se webtuiste en in die media beskikbaar.
 - Effektetrustfondse kan lenings aangaan om kliënte se onttrekkings te befonds, en sekuriteite uitleen.
 - Old Mutual is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging van Suid-Afrika (ASISA).

Geldmarkportefeulje

'n Geldmarkfonds is nie 'n bankdeposietrekening nie. Hierdie tipe fonds se eenheidsprijs poog om staties te wees, maar beleggingskapitaal word nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente (wat daaglik om 13:00 verklaar word), maar kan ook enige wins/verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag, maar in uiterste gevalle kan dit die kapitaalwaarde van die fonds verminder.

- a. Die gepubliseerde opbrengs word bereken deur die gemiddelde van die fonds se netto inkomste oor die vorige sewe dae te gebruik (en aanvaar dat alle inkomste herbelê is). Hierdie syfer word dan geannualiseer.
- b. Oormatige onttrekkings uit die fonds kan die fonds se likiditeit onder druk plaas. In sulke omstandighede kan 'n afkappingsproses ten opsigte van onttrekkingsopdragte en bestuurde uitbetalings oor 'n tydperk geld.

Inkomstefondse

- c. Inkomstefondse verkry hul inkomste uit rentedaende instrumente soos omskrif. Die opbrengs is 'n lopende opbrengs en word daaglik bereken.

Fonds van fondse

Aangesien daar 'n tweevlakstruktuur vir beleggings in 'n fonds van fondse is, en elke vlak sy eie koste het, kan 'n fonds van fondse 'n hoër fooistruktuur hê.

Voederfondse

Aangesien daar 'n tweevlakstruktuur vir beleggings in 'n voederfonds is, en elke vlak sy eie koste het, kan 'n voederfonds 'n hoër fooistruktuur hê.

Fondse met buitelandse bates

Hierdie fonds hou bates in ander lande en daar kan dus risiko's wees ten opsigte van likiditeit, die repatriasie van fondse, die politieke en makro-ekonomiese situasie, buitelandse valuta, belasting, verrekening, en die beskikbaarheid van inligting. Kontak ons asseblief vir spesifieke risiko's ten opsigte van elke land.